
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2024

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, insluitend 'n formuleblad en 'n 9-bladsy antwoordeboek.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Rekonsiliasies en Interne Beheer | 45 | 35 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 50 | 40 |
| **3** | Voorraad en Interne beheer | 30 | 25 |
| **4** | Vaste Bates | 25 | 20 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Kopiereg voorbehou 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEER (45 punte; 35 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Kredietkaartverkope word as kontanttransaksies beskou. (1)

1.1.2 Besighede wat aanlynbankdienste doen, hoef nie bankrekonsiliasies te doen nie. (1)

1.1.3 Rente op oortrokke rekening word as bankkoste aangeteken. (1)

1.1.4 ŉ Kredietsaldo op die bankstaat dui op ŉ gunstige saldo. (1)

1.1.5 Volgens die wesenlikheidsbeginsel van AARP, moet ŉ besigheid kontantverliese onmiddellik aanteken wanneer dit vermoed word. (1)

1.2 **BANKREKONSILIASIE**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Bird Handelaars. Sam Sly is die enigste persoon wat verantwoordelik vir bankdeposito's is.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die korrekte totale in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Junie 2024. Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK. (14)

1.2.2 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 2024 op. (7)

1.2.3 Dit blyk dat dit nie vir Bird Handelaars moontlik sal wees om die uitstaande deposito, gedateer 24 Mei 2024, te verhaal nie (sien Inligting A).
Verduidelik EEN punt om ŉ moontlike oorsaak vir die vermiste deposito te gee.
Verskaf EEN aksie wat teen Sam Sly geneem kan word. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Behalwe vir ŉ uitstaande deposito, R30 000, gedateer 24 Mei 2024 ontvang vir kontantverkope, is alle uitstaande items wat op die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Mei 2024 verskyn het, korrek op die Bankstaat van Junie 2024 aangeteken.
Die R30 000 is nooit in die bankrekening inbetaal nie. Sam Sly het nie ŉ verklaring vir die vermiste kontant nie. Bird Handelaars het besluit om hierdie bedrag af te skryf.

**B.** Die saldo op die bankstaat op 30 Junie 2024 is R40 090 (gunstig).

**C.** Die voorlopige totale in die kontantjoernale vir Junie 2024, voor rekonsiliasie met die bankstaat, is:

- Totaal vir Kontantontvangstejoernaal, R710 000
- Totaal vir Kontantbetalingsjoernaal, R663 600

**D.** Die Junie 2024-bankstaat het koste vir internetbankdienste R1 800, diensfooie R510 en rente op die gunstige banksaldo, R240, getoon.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**E.** Twee direkte deposito's het slegs op die bankstaat verskyn:
- R8 500 van ʼn huurder, G Hair
- R15 000 van Super Foods. Dit blyk ʼn fout te wees, aangesien Super Foods nie aan Bird Handelaars bekend is nie.

**F.** EFO nr. 633 vir ʼn rekenaar verskyn as R4 850 in die KBJ, maar op die bankstaat is dit as R8 450 aangeteken. Die bedrag op die bankstaat is korrek.

**G.** ʼn EFO vir R2 450 ten gunste van Spic en Span vir skoonmaakdienste is op die bankstaat gedupliseer.

**H.** Die volgende items het in die Kontantjoernale vir Junie 2024 verskyn, maar nie op die bankstaat vir Junie 2024 nie:
- EFO nr. 653, R3 250
- Deposito op 30 Junie 2024, R27 900

**I.** Die saldo van die bankrekening op 30 Junie 2024 is die balanserende syfer.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Shark Handelaars vir Junie 2024. Shark Handelaars koop goedere op krediet van Dragon Verskaffers.

**GEVRA:**

1.3.1 Toon die veranderinge aan die rekeningsaldo in die Krediteuregrootboek en die saldo op die staat vir elk van die verskille hieronder gelys. Dui aan of die bedrag by die gegewe saldo opgetel (+) of afgetrek (-) moet word. Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word. (13)

1.3.2 Verwys na inligting (vi):
'n Ondersoek het aan die lig gebring dat hierdie goedere deur die eienaar vir sy persoonlike gebruik bestel is. As 'n interne ouditeur, watter raad sal jy die eienaar gee oor die aankoop van goedere deur die besigheid se rekeninge? Gee EEN punt. Verwys na 'n AARP-beginsel in jou verduideliking. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Saldo van Dragon Verskaffers in die Krediteuregrootboekrekening, R174 640 (Kt).
Saldo soos per staat ontvang van Dragon Verskaffers, R190 800 (Dt).

**B. 'n Ondersoek het die volgende verskille aan die lig gebring:**

(i) 'n Betaling van R13 000 deur Shark Handelaars is weggelaat in die Krediteuregrootboekrekening van Dragon Verskaffers en op die Staat ontvang.

(ii) 'n Faktuur vir R28 600 wat van Dragon Verskaffers ontvang is, is korrek deur Shark Handelaars aangeteken. Die rekeningstaat het R26 800 getoon.

(iii) Shark Handelaars het 'n afslag van R1 600 vir vroeë betaling korrek aangeteken. Dit verskyn nie op die staat nie.

(iv) Shark Handelaars het verkeerdelik 'n debietnota vir R2 500 in die grootboekrekening van Dragon Verskaffer aangeteken. Dit was vir goedere wat aan 'n ander verskaffer terugbesorg is.

(v) 'n Kredietnota vir R4 000 ontvang van Dragon Verskaffers vir 'n afslag wat toegestaan is, is verkeerdelik as 'n faktuur deur Shark Handelaars aangeteken.

(vi) Die rekeningstaat het die volgende items getoon wat nie deur Shark Handelaars aangeteken is nie:
Afleweringskoste vir die maand, R7 060
Faktuur vir goedere gekoop, R4 800

(vii) 'n Betaling van R10 000 wat op 28 Junie 2024 deur Shark Handelaars gemaak is, is in die Krediteuregrootboekrekening van Dragon Verskaffers aangeteken. Die staat is gedateer 26 Junie 2024.

**45**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



HOU HIERDIE BLADSY OOP.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (50 punte; 40 minute)

2.1 Pas die konsepte in KOLOM A by 'n beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Fabrieksbokoste | A Salaris van afleweringsman |
| 2.1.2 Veranderlike koste | B Fabriekhuur |
| 2.1.3 Verkoop- en verspreidingskoste | C Koste wat wissel in verhouding tot die aantal eenhede wat geproduseer word |
| 2.1.4 Vaste koste | D Produksiekoste vir een eenheid |
| 2.1.5 Eenheidskoste | E Koste wat konstant bly, ongeag die aantal eenhede wat geproduseer word |

(5)

2.2 **TENTE VIR AFRIKA BPK.**

Tente vir Afrika Bpk. vervaardig tente vir buitelug-kampering.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste. (6)

2.2.2 Bereken die fabrieksbokoste. (11)

2.2.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Mei 2024 op. (10)

**INLIGTING:**

**A. Voorraad voorhande:**

| | 31 Mei 2024 | 1 Junie 2023 |
|---|---|---|
| Grondstof | R75 200 | R84 800 |
| Goedere-in-bewerking voorraad | 73 600 | 55 200 |

**B.** Grondstof aangekoop gedurende die finansiële jaar, R1 492 500.
Vraggeld betaal op grondstowwe aangekoop, R77 000.
Grondstof teruggestuur aan verskaffers, R1 500.

**C. Fabrieksbokoste:**

| | |
|---|---|
| Voorman se salaris | R396 000 |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | 173 120 |
| Huuruitgawe | 214 480 |
| Water en elektrisiteit | 237 040 |
| Versekering | 69 690 |
| Indirekte materiaal | 45 200 |

- Huuruitgawe moet tussen die fabriek, verkoopsafdeling en kantoor in die verhouding 5 : 1 : 1 verdeel word.
- Die fabriek is verantwoordelik vir 75% van die water- en elektrisiteitsuitgawes.
- ⅔ van die versekeringsuitgawes moet aan die fabriek toegewys word.
- Indirekte materiaal is as volg gebruik: 10% deur die kantore, 25% deur die verkoopsafdeling en die res deur die fabriek.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**D.** 396 tente is vervaardig teen 'n koste van R8 100 elk.

**E.** Direkte arbeidskoste is die balanserende bedrag.

2.3 **BRIGHT BPK.**

Bright Bpk. produseer herlaaibare battery-eenhede vir gebruik tydens beurtkrag. Die finansiële jaar het 29 Februarie 2024 geëindig.

**GEVRA:**

2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (6)

2.3.2 Vergelyk en lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die vlak van produksie vir 2023 en 2024. Haal syfers aan. (6)

2.3.3 Verskaf TWEE moontlike redes vir die toename in direkte materiaalkoste per eenheid vir die huidige finansiële jaar en stel TWEE maniere voor waarop dit beheer kan word. (6)

**INLIGTING:**

**A. Kostes vir die jaar geëindig 28/29 Februarie:**

| | 2024 | | 2023 |
|---|---|---|---|
| | **TOTALE BEDRAG** | **EENHEIDS-KOSTE** | **EENHEIDS-KOSTE** |
| Direkte materiaalkoste | R345 600 | R360 | R312 |
| Direkte arbeidskoste | 489 600 | 510 | 484 |
| Fabrieksbokoste | 307 200 | 320 | 312 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | 297 600 | 310 | 304 |
| Administrasie koste | 240 000 | 250 | 258 |

**B. Bykomende inligting vir die finansiële jaar geëindig 28/29 Februarie:**

| | 2024 | 2023 |
|---|---|---|
| Totale verkope | R651 200 | R1 836 000 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 720 | R1 700 |
| Aantal eenhede geproduseer en verkoop | 960 eenhede | 1 080 eenhede |
| Gelykbreekpunt | ? | 1 016 eenhede |

**50**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: VOORRAAD EN INTERNE BEHEER (30 punte; 25 minute)

3.1 Kies die korrekte antwoord uit die opsies wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Die (spesifieke identifikasie / geweegde gemiddelde) voorraadwaardasiemetode is die beste geskik vir soortgelyke items, met soortgelyke pryse wat in groot hoeveelhede gekoop word. (1)

3.1.2 Voorraad gewaardeer volgens die (eerste-in-eerste-uit / geweegde gemiddelde) metode is die beste geskik vir voorraad waar tegnologiese innovasies belangrik is. (1)

3.1.3 Die (spesifieke identifikasie / eerste-in-eerste-uit) voorraadwaardasiemetode is die beste geskik vir duur, individueel identifiseerbare voorraaditems. (1)

3.2 **VOORRAADWAARDASIE**

Jy word voorsien van inligting rakende Thandi Handelaars, wat deur Thandi Buzi besit word. Die besigheid verkoop sweetpakke. Die besigheid gebruik die **periodieke voorraadstelsel** en die **eerste-in-eerste-uit (EIEU)**-metode om hul voorraad te waardeer. Die finansiële jaar het 30 April 2024 geëindig.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 April 2024 deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

3.2.2 Bereken:

- Winsopslagpersentasie behaal op kosprys (4)
- Voorraadhoudingsperiode (in dae) deur die gemiddelde voorraad te gebruik (4)

3.2.3 Die besigheid probeer om 'n winsopslag van 30% op kosprys te behaal.
As die interne ouditeur, verduidelik TWEE punte wat kommer wek met betrekking tot die winsopslag, wat jy sal ondersoek, na bestudering van die beskikbare inligting. (4)

3.2.4 Bespreek of die eienaar met die voorraadhoudingsperiode tevrede moet wees. (Die voorraadhoudingsperiode vir 2023 was 30 dae.) (4)

3.2.5 Thandi Handelaars beplan om 10 sweetpakke aan die plaaslike netbalklub vir 'n komende toernooi te skenk. Die verkoopsbestuurder beweer dat dit 'n vermorsing van geld en verlore wins sal wees.
Verduidelik hoekom jy NIE met hom SAAMSTEM NIE. Verskaf TWEE punte. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldos vir sweetpakke:**

| | Eenhede | Eenheidsprys | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 Mei 2023 | 2 400 | R320 | R768 000 |
| 30 April 2024 | 3 880 | ? | ? |

**B. Aankope en terugsendings:**

| | Eenhede | Eenheids-prys | Totale bedrag |
|---|---|---|---|
| **Aankope: (vraggeld ingesluit)** | | | |
| 8 Julie 2023 | 3 000 | R440 | R1 320 000 |
| 12 September 2023 | 7 600 | R520 | R3 952 000 |
| 7 Desember 2023 | 2 720 | R400 | R1 088 000 |
| 14 Maart 2024 | 3 520 | R480 | R1 689 600 |
| | 16 840 | | R8 049 600 |
| **Terugsendings:** | | | |
| 9 Desember 2023 | (240) | R400 | (R96 000) |
| 15 Maart 2024 | (600) | R480 | (R288 000) |
| **TOTAAL** | **16 000** | | R**7 665 600** |

**C. Verkope en koste van verkope:**

| | |
|---|---|
| Verkope (14 400 sweetpakke teen R560 elk) | R8 064 000 |
| Koste van verkope | R6 648 000 |

**30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: VASTE BATES (25 punte; 20 minute)

### 4.1 VASTE BATES

Die inligting hou verband met Zee Groothandelaars. Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2024 geëindig.

**GEVRA:**

4.1.1 Stel die Bateverkoperekening op 31 Desember 2023 op. (6)

4.1.2 Bereken die totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (5)

4.1.3 Bereken die drawaarde van voertuie op 29 Februarie 2024. (5)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's:**

| | |
|---|---|
| Voertuie (29 Februarie 2024) | R1 932 400 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2023) | R1 099 200 |

**B. Bykomende inligting:**

(i) Op 31 Desember 2023 is 'n voertuig vir R30 000 kontant verkoop. **Geen inskrywings** is vir hierdie transaksie gemaak nie.
Die kosprys van die voertuig wat verkoop is, was R132 400 en opgehoopte waardevermindering op die voertuig wat verkoop is, was R86 450 op 1 Maart 2023.

(ii) Voertuie se waarde verminder teen 15% p.j. op kosprys.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2 **BESTUUR VAN VASTE BATES**

Sam Chauke is die eienaar van drie drukkerywinkels. Elke drukkerywinkel het sy eie bestuurder. Elke winkel het 'n laserdrukker wat ontwerp is vir grootmaat drukwerk tot 100 000 kopieë per maand. R2,40 per kopie word gehef.

**GEVRA:**

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke winkel, en haal syfers aan om elke probleem te identifiseer.
Gee EEN punt van advies om elke probleem wat geïdentifiseer is, op te los. (9)

**INLIGTING VIR MEI 2024:**

| | **Winkel 1** | **Winkel 2** | **Winkel 3** |
|---|---|---|---|
| Bestuurder | Tyali | Dumisa | Zweni |
| Aankoopdatum van drukker | 1 Junie 2018 | 1 Junie 2022 | 1 Junie 2023 |
| Kosprys van drukker | R60 000 | R100 000 | R140 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | R59 999 | R40 000 | R28 000 |
| Aantal kopieë gedruk en verkoop | 140 000 | 100 000 | 40 000 |
| Aantal bedorwe kopieë | 1 930 | 11 740 | 360 |
| Ink en verbruiksgoedere gebruik | R29 600 | R39 000 | R8 800 |
| Herstelwerk en onderhoud | R8 000 | R2 800 | R400 |
| Ander maandelikse bedryfsuitgawes | R34 000 | R34 000 | R34 000 |
| Kontant van kliënte gedeponeer | R264 000 | R240 000 | R96 000 |

**25**

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedrysuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates : Totale laste | Bedrysbates : Bedryslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste | Niebedryfslaste : Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
*In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS